SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 15-Mar-2007
Topic: 25
Ref No: 1228
1
ID: 03447207-01
Source Page: 4

## ■ Opvoedkunde-dekaan se werk in Durban met 6 maande verleng

# Jansen bedank by die UP

Alet Rademeyer

Prof. Jonathan Jansen, uitgesproke dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP), het onverwags bedank.

Jansen, wat in 2001 by die UP aangestel is, het gister gesê die belangrikste rede vir sy besluit is dat sy termyn as administrateur by die Durban-Universiteit van Tegnologie (DUT) vir 'n verdere ses maande verleng is.

Hy is in Augustus verlede jaar deur mev. Naledi Pandor, minister van onderwys, aangestel om dié instelling reg te ruk waar finansiële ongerymdhede en korrupsie oopgevlek is.

Jansen het gesê dié taak het druk op sy werk as dekaan by UP geplaas.

Hy het na lang gesprekke met Pandor en prof. Calie Pistorius, rektor van UP, besluit "dis is die een of die ander".

Jansen het gesê "in die lig van die nasionale prentjie in hoër onderwys, is dit belangrik dat die DUT op sy bene gebring moet word.

"Tukkies sal nie sink as ek nie meer môre daar is nie."

Jansen het gesê hy sal hom die volgende ses maande heeltyds toewy aan die DUT, daarna sal hy "geleenthede hier en in die buiteland oorweeg".

Van Jansen se kollegas het vandeesweek hul ontsteltenis oor sy bedanking uitgespreek en gesê "die universiteit verloor 'n dinamiese leier en 'n internasionale kenner op sy vakgebied".

Jansen het op sy beurt gesê hy is self hartseer om by Tukkies weg te gaan. "Ek het die beste jare van my loopbaan hier deurgebring en baie lief vir die studente geword."

Oor Jansen se bedanking het die UP in 'n verklaring gesê: "Dit is altyd vir die universiteit 'n verlies as erkende akademici aanbeweeg."

Pistorius het gesê Jansen het "geweldig baie bygedra om die fakulteit opvoedkunde se akademiese reputasie en statuur te ontwikkel tot een wat alom as uitnemend beskou word".

"Sy werk op veral navorsingsgebied en nagraadse studie was veral beduidend."

In universiteitskringe is verlede jaar bespiegel dat Jansen 'n kans gestaan het om UP-rektor te word. Pistorius is egter op 'n buitengewone vergadering van die raad heraangestel vir 'n tweede termyn.

Sy eerste termyn het op 1 Augustus 2001 begin.

Pistorius het naelskraap gewen met 'n gelyke verdeling van stemme – prof. Esmé du Plessis, voorsitter van die raad, het die beslissende stem ten gunste van hom uitgebring.

Jansen het ook verlede jaar aansoek gedoen vir die pos van viserektor by UP wat vakant geword het toe prof. Chabani Manganyi bedank het.

Prof. Nthabiseng Audrey Ogude, van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, het toe dié pos gekry.